# Die f-/v-rympie



Staan ek aan die einde **van** ’n woord **of** lettergreep,
**skryf** my met ’n **f**, en jy’t die regte spelling beet.
Dan word ek **golf**, **half**, **self** en **kreef**:
In dié **vorm** wil ek ewig **leef**.

Is ek ’n werkwoord en eindig ek op -**eer**,
gee my met ’n **vet v** weer
dan kan ek **aktiveer** en **motiveer**.
Pasop tog net **vir triomfeer** en **parafeer**!

Begin ek wel ’n lettergreep
moet jy dit bloot maar leer en weet.
Partykeer is ek **fout**, **dolfyn**, **finansies**,
ander kere **dagvaar**, **vinne of advies**.

**Twyfel** jy, gryp tog die naaste woordeboek
waarin jy na hartelus kan soek.



Die samestellers van die rympie is Nadine Fouché-Karsten en Stefan van Zyl.

www.viva-afrikaans.org

**Bron:** *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* **(AWS)**

VIVA
VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS